Vakante pos: Administratiewe Beampte
Departement: Intermediêre Fase
Sluitingsdatum: 16 Junie 2020
Verwysingsnommer: IF/AB001/20

Aros, 'n geregistreerde privaat hoëronderwysinstelling, beskik oor 'n vakature vir 'n Administratiewe Beampte. Aros se kampus is geleë te Waverley in Pretoria en het 'n unieke Afrikaanse kultuur en Christelike grondslag.

Kwalifikasie:

- Toepaslike sekretariële kwalifikasie sal tot voordeel wees

Werkservaring:

- Administratiewe of sekretariële werkservaring
- Ervaring in 'n opleidingsinstansie sal voordelig wees

Ander vereistes

- Sterk Christelike Reformatoriese waardestelsel / Sterk Aros waardestelsel toepas
- Sterk administratiewe vaardighede
- Menseverhoudinge en interpersoonlike vaardighede
- Noukeurige en akkurate uitsette
- Goeie tydsbestuur
- Goeie dienslewering
- Goeie beplanning en organiseringsvermoë
- Moet optimaal kan funksioneer onder druk;
- Moet onafhanklik kan werk;
- Moet in 'n span kan funksioneer;
- Rekenaargeletterdheid in *MS-Office*

Uiteensetting van verpligtinge:

- Ontvangs
- Algemene administratiewe take van Intermediêre Fase Departement
- Inlees van departement se punte op studentestelsel
- Effektiewe neem van notules
- Professionele hantering van voornemende studentenavrae o.a. e-pos en telefoon
- Tref van reisreëlings

- Byhou van databasisse
- Skeduleer, ontvang en hanteer voornemende studente besoeke, indien nodig
- Algemene hulp in die afdeling soos nodig
- Kontrole van breekware vir funksies
- Ad hoc take

Verpligtinge is nie beperk tot bovermelde nie.

Werksure

- 40 ure per week
- Maandae tot Vrydae 07h30 tot 16h00
- Saterdae van 07h00 tot 15h00 gedurende kontaksessies, roteer volgens rooster, indien nodig

Vakansieverlof:

- 20 dae per jaar, sluit tydperk tussen Kersfees en Nuwejaar uit.

Aansoekprosedure:

Voornemende kandidate moet per e-pos aansoek doen en u CV in **Afrikaans** tesame met die "**Aansoek om 'n betrekking" vorm** e-pos na renate.murray@aros.ac.za.
Die vorm is beskikbaar op ons webtuiste http://www.aros.ac.za/index.php/poste-beskikbaar

- Ongelukkig aanvaar ons geen aansoeke sonder die "Aansoek om 'n betrekking" vorm nie.
- Indien u nie voor **31 Augustus 2020** enige terugvoer van Aros ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.
- Aros behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer, te maak nie.